



KENNISGEWING VAN ONTWIKKELINGSAANSOEK

AANSOEK OM VOORGESTELDE HERSONERING, ONDERVERDELING, KONSOLIDASIE EN AFWYKINGS INGEVOLGE DIE STAD KAAPSTAD: VERORDENING OP MUNISIPALE BEPLANNING, 2015: RESTANT ERF 734, ERF 735, ERF 737, RESTANT ERF 738, 739, 9564 (GEDEELTE VAN ERF 738) EN 9565 (GEDEELTE VAN ERF 734) KAAPSTAD, BLOK OMGRENS DEUR RIEBEEK-, BUITENGRACHT-, PRESTWICH- EN CHIAPPINISTRAAT, PROVINSIALE GRONDLABORATORIUM			
DATUM VAN HIERDIE KENNISGEWING: 25 OKTOBER 2024			
Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die Stad Kaapstad: Verordening op Munisipale Beplanning, 2015, dat die onderstaande aansoek ontvang is en gedurende kantoorure (08h00 – 16h00) by die kantoor van die distriksbestuurder op die 2de verdieping, Media City, op die hoek van Hertzog-boulevard en Heerengracht, Kaapstad, ter insae beskikbaar is. Reël asseblief 'n afspraak met die distrik, telefoonnommer 021 401 4702. Die aansoekdokumente kan ook by http://www.capetown.gov.za/landuseapplications besigtig word.			
Aansoeknommer	1500128429	Besonderhede van aansoeker/eienaar	NM & Associates Planners and Designers / Western Cape Government and City of Cape Town
Beskrywing en straatadres		Blok omgrens deur Riebeeek-, Buitengracht-, Prestwich- en Chiappinistraat, Provinsiale Grondlaboratorium	
Doel van die aansoek			
Die aansoek is om die eiendom met 'n gemengdegebruikontwikkeling te herontwikkel bestaande uit ongeveer 310 residensiële eenhede (insluitende 120 bekostigbare / maatskaplikebehuisingseenhede), en sakeverwante gebruike. Die ontwikkeling en ontwerp van die voorstel vir die eiendom sal deur 'n ontwerpignyndokument gereël word. Daar is om die volgende aansoek gedoen:			
Onderverdeling			
1. Onderverdeling van erf 735 in twee gedeeltes: (gedeelte 1: ongeveer 220,4 m² en restant: ongeveer 875,5 m²).			
2. Onderverdeling van erf 737 in twee gedeeltes: (gedeelte 1: ongeveer 2,5 m² en restant: ongeveer 3 270,6 m²).			
3. Onderverdeling van erf 739 in twee gedeeltes: (gedeelte 1: ongeveer 85,7 m² en restant: ongeveer 1 135,1 m²).			
4. Onderverdeling van restant erf 9564 into twee gedeeltes: (gedeelte 1: ongeveer 61 m² en restant: ongeveer 407,2 m²).			
5. Onderverdeling van restant erf 9565 into twee gedeeltes: (gedeelte 1: ongeveer 769 m² en restant: ongeveer 948,2 m²).			
Konsolidasie:			
6. Vir konsolidasie van restant erf 734, gedeelte 1 van erf 735, gedeelte 1 van erf 737, restant erf 738, gedeelte 1 van erf 739, gedeelte 1 van erf 9564 en gedeelte 1 van erf 9565 om 'n erf van ongeveer 6 690,2 m² te vorm.			
Hersonering			
7. Om gedeelte 1 van erf 735, gedeelte 1 van erf 737, gedeelte 1 van erf 9564 en gedeelte 1 van erf 9565 Kaapstad van vervoersone 1 na gemengdegebruiksubsone 3 te hersoneer.			
8. Om 'n gedeelte van restant erf 738 Kaapstad van algemene sake 7 na gemengdegebruiksubsone 3 te hersoneer.			
Afwykings			
9. Item 64(e)(ii): Om toe te laat dat die parkeerplekke op die grondvlak (eerste verdieping) binne die gebou 5,5 m in plaas van 10 m vanaf die straatgrens (Buitengrachtstraat) is.			
10. Item 121(2): Om toe te laat dat die gebou 2,4 m in plaas van 5 m vanaf die Buitengrachtstraat- metropolitaanse pad is.			
11. Item 121(2): Om toe te laat dat die gebou 0 m in plaas van 5 m vanaf die Somerisetweg/Riebeeckstraat- metropolitaanse pad is.			
12. Item 185(2)(f): Om toe te laat dat die parkeerplekke op die grondvlak (eerste verdieping) binne die gebou 5,5 m in plaas van 10 m vanaf die straatgrens (Buitengrachtstraat) is.			



CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Sluitingsdatum vir sodanige beswaar, kommentaar of verfoog	
Enige beswaar, kommentaar of verfoë oor die voorstel met redes daarvoor, kan gerig word aan comments_objections.tablebay@capetown.gov.za (of skriftelik ingedien by die kantoor van die bogenoemde distriksbestuurder), om ontvang te word voor of op 3 Desember 2024 Die voorgeskrewe vorm kan by volgende skakel afgelaai word: http://www.capetown.gov.za/LandUseObjections	
Verdere besonderhede wat enige beswaar, kommentaar of verfoë moet vergesel	
1) Die aansoeknommer en die volgende besonderhede van die persoon wat die beswaar, kommentaar of verfoë voorlê: volledige naam, belang by die aansoek, adres, kontakbesonderhede en kommunikasiemetode vir kennisgewingsdoeleindes; 2) die rede vir die beswaar, kommentaar of verfoë, wat minstens insluit - a) die uitwerking wat die aansoek op 'n persoon of die gebied sal hê; b) enige aspek van die aansoek wat as stydig met beleid beskou word, en waarom.	
Algemeen	
Geen laai kommentaar of beswaar sal in aanmerking geneem word nie, tensy die stadsbestuurder skriftelik daarvoor toestemming verleen. Besware, kommentaar of verfoë wat nie aan die bogenoemde vereistes voldoen nie, kan verontagsaam word. Enige persoon wat nie kan skryf nie, kan gedurende kantoorure na die bogenoemde distrikskantoor kom waar hy of sy gehelp sal word om enige kommentaar of beswaar, met die redes daarvoor, neer te skryf. Reël asseblief 'n afspraak met die distrik by 021 4014 702. Please note that, in terms of section 82(4) of the City of Cape Town Municipal Planning By-law, 2015, this notice is also available in English and Xhosa upon written request. Such written request can be directed to comments_objections.tablebay@capetown.gov.za within seven days of the date of this notification.	
Nceda uqaphela ukuba ngokwecandelo 82(4) loMthetho kaMasipala woCwangciso lukaMasipala weSixeko saseKapa, wango-2015, esi saziso siyafumaneka ngesiXhosa nangesiNgesi ngesicelo esibhalwe phantsi. Izicelo ezibhaliweyo zingabhekiswa ku- comments_objections.tablebay@capetown.gov.za kwiintsuku ezisixhenxe ukususela ngomhla wokukhutshwa kwesi saziso.	

